# Resensies


- Kok, J.H. 2001. **Marginal Resistance. Essays dedicated to John C. van der Stelt.** Sioux Center : Dordt College Press.
  (*J.L. van der Walt*) ........................................................ 121
- De Visser, A.J. 2001. **Kyrios and Morena. The Lordship of Christ and African township Christianity.** Gezina : De Visser.
  (*P.J. Buys*) ........................................................................ 124

# Resensie

**Kok, J.H.** 2001. **Marginal Resistance. Essays dedicated to John C. van der Stelt**. Sioux Center (Iowa) : Dordt College Press. 358 p.
Prys: $21.95. ISBN 0-932914-48-9.

**Resensent:** *J.L. (Hannes) van der Walt*
(Fakulteit Opvoedingswetenskappe, PU vir CHO)

Hierdie werk is in twee opsigte stewig. Die sagtebandkopié wat ek ter hand gehad het, het sommer uit die staanspoor ’n gevoel van “stewigheid” by my gewek: dit beslaan nie slegs ’n groot aantal bladsye nie, maar is ook op gehaltepapier gedruk, en die buiteblad is netjies, aantreklik en duursaam. Verder het die redakteur dit goed gedink om aan die einde ’n paar blanko bladsye in te sluit met die oog op aantekeninge wat die leser moontlik sal wil maak. Kortom: die fisiese voorkoms en afwerking van die boek is uitstekend en dit nooi ’n mens dadelik uit om te begin lees.

Die titel verraai nie veel van die inhoudelike stewigheid van die boek nie. Die titel *Marginal Resistance* is ontleen aan ’n gedagte van John van der Stelt toe hy opgemerk het dat Christene, of hulle nou besig is met die akademie of andersins, minstens gemarginaliseerde teenstand behoort te bied teen die lewensvernietigende magte teenwoordig in ons self-gesentreerde en rustelose kultuur. Die essays in die boek is almal opgedra aan Van der Stelt, wat in Mei 1999 afgetree het as hoogleraar aan Dordt College, geleë in die mieliestaat Iowa in die VSA. Skrywers is genooi om te reageer op ’n sestal gevare / uitdagings wat Van der Stelt by ’n ete van die raad en die personeel in April 1999 genoem het. Uit ’n relatief groot aantal voorleggings wat gemaak is, is agtien uiteindelik gekies.

Die agtien artikels waaruit die bundel saamgestel is, wissel vanaf ’n uiteensetting van die Kuyperiaanse tradisie waarin Van der Stelt gewerk het, tot die regverdigheid van die skoolbefondsingsbeleid in die staat Minnesota. Die skrywers wissel vanaf kollegas en voormalige kollegas van Van der Stelt, tot oudstudente, medewerkers en medestanders van hom. Sommige van die skrywers het, soos die redakteur versoek het, regstreeks aangesluit by die gevare en uitdagings wat Van der Stelt

genoem het, terwyl ander bloot ’n bydrae aansluitend tot sy teologies-filosofiese denke en die neo-Calvinistiese tradisie gemaak het.

’n Mens het aan die begin, selfs voordat ’n uiteensetting gegee is van die Kuyperiaanse tradisie, ’n behoefte gehad aan ’n kort biografiese uiteensetting van Van der Stelt se lewe, lewensfilosofie en werk. Dit volg egter eers in die vyfde bydrae.

Die meeste van die skrywers in hierdie bundel is bekend in die reformatoriese wetenskapstradisie, en hulle bydraes is stewig – soos ’n mens sou verwag. Ander skrywers is minder bekend, maar hulle bydraes het goed ingepas en was van ’n goeie standaard. (Die heel laaste een – dié van Carol Rudie – was minder “geleerd”, maar was insiggewend, en dit is duidelik dat sy uit lang ervaring in die arena van die onderwyspolitiek geskryf het.)

Die essays in hierdie bundel wissel, soos gesê, vanaf die teologie en die filosofie tot die onderwyspolitiek, met daartussen ekskursies in die toerisme, konsosiale demokrasie, die wetenskap, wysheid, onderwys, onderrig en leer, ingenieurswese, sosiologie, hermeneutiek, politiek, kuns, en ander onderwerpe. Die samebindende faktor in al hierdie diverse bydraes is ’n uitgesproke poging om vanuit ’n reformatoriese denkraamwerk oor die onderwerpe te besin en sodoende “gemarginaliseerde weerstand” teen ander standpunte en strominge te bied. In hierdie sin slaag die bundel. Die skrywers verwerp almal dualistiese en reduksionistiese benaderings tot hulle betrokke temas, en wys ook in verskeie gevalle hoedat dualismes en reduksionisme op die betrokke terrein werk of gewerk het, wat die tekortkominge van sodanige benadering(s) is (of sal wees), en bied dan ’n Bybelgefundeerde holistiese siening as alternatief aan.

Die eenheid van die bundel word ietwat in die wiele gery deur die feit dat dit duidelik is dat die skrywers elkeen maar ’n greep uit sy of haar deskundigheidsveld gebruik het om ’n bydrae saam te stel. ’n Mens sien dit die duidelikste uit die feit dat sommige van die skrywers nie eens na Van der Stelt of sy werk verwys nie, en ander dit slegs in ’n inleidende paragraaf doen. In een geval is ’n beleidsdokument van ’n onderwysinstansie verwerk en is ’n kort slotgedeelte bygevoeg om dit relevant vir die bundel te maak. Die leser moet dus nie ’n sterk eenheidsaanpak of logiese “draad” – afgesien van die gedagte van “gemarginaliseerde weerstand” en ’n uiteensetting vanuit ’n reformatoriese denkraamwerk – in die werk verwag nie.

Ondanks hierdie eienskap van die werk is dit van hoogstaande gehalte en kan die lees daarvan met vrymoedigheid aanbeveel word. Soos wat met my die geval was, sal nie al die bydraes in die leser se belang-

stellings- of deskundigheidsveld val nie. Selfs artikels wat daarbuite val, is egter lesenswaardig omdat hulle toon hoedat 'n geïntegreerde of holistiese reformatoriese benadering in ander dissiplines aangepak kan word. In hierdie sin is die lees van ook die ander artikels insiggewend, vormend en dus die moeite werd. Die insluiting van een bydrae uit die veld van die natuurwetenskappe word verwelkom. Meer bydraes vanuit hierdie oord (en uit byvoorbeeld die ekonomiese wetenskappe) sou die bundel dalk ewewigtiger gemaak het.

Met die uitsondering van die bydraes van Aay, Van Heemst en die laaste bydrae (Veldman Rudie) is die artikels nie geskryf met die oog op Jan Alleman nie. Die uiteensettings is oor die algemeen vakkundig tegnies, en 'n mens moet hier en daar twee keer lees om presies die strekking van 'n argument onder die knie te kry – veral in die artikels wat handel oor dissiplines waarmee 'n mens nie so vertroud is nie. Beginners op die terreine van die filosofie, teologie en sommige van die ander dissiplines sal dus nie sonder moeite die inhoud van sommige bydraes kan baasraak nie. En tog: vir die beginner sowel as vir die meer ingeligte leser is hierdie bundel 'n goeie toevoeging tot die boekrak. Byna elkeen van die artikels bied vir 'n persoon wat met die een of ander vraagstuk worstel 'n voorbeeld van hoe 'n mens te werk kan gaan om 'n reformatoriese kyk op die probleem te kry. Daar is artikels wat nie slegs toon hoedat 'n mens die perspektief-gewende lig van die Skrif op die probleem kan werp nie, maar ook hoedat (vak)filosofiese aspekte in spel kom. Hiemstra se artikel is 'n goeie voorbeeld van 'n kritiese benadering tot 'n ander standpunt. Afdeling twee ("On reformed teaching, learning and scholarship"*)* gee 'n uiteensetting van die reformatoriese benadering tot die terrein van die opvoeding en onderwys, en afdeling drie ("Rays of the cosmic scope"*)* toon hoe dié benadering in ander dissiplines gevolg kan word.

Die lees van hierdie bundel word aanbeveel. Nie alleen gee dit 'n oorsig van die lewe en werk van 'n belangrike en gewaardeerde medewerker op die terrein van die reformatoriese wetenskapsbeoefening nie (Van der Stelt, professor aan Dordt College, 1968-1999), maar gee dit ook vir die leser 'n beeld van die stand van hierdie benadering tot die wetenskap aan die begin van die 21ste eeu. Al die artikels is goed geskryf, elkeen is net lank genoeg om interessant te bly, en hulle gee blyke van die feit dat die skrywers deurwinterde navorsers of ervare praktisyns is, sowel as toegewyde Christengelowiges. Dank aan ons Hemelse Vader wat aan John van der Stelt die krag en die wysheid gegee het om vir so 'n lang tyd aan Dordt College te werk, om so 'n belangrike rol in die IAPCHE te speel, en wat dit in die hart van John Kok en sy medewerkers gegee het om hierdie bundel die lig te laat sien en aan Van der Stelt op te dra, is hier nie onvanpas nie.

**De Visser, A.J.** 2001. **Kyrios and Morena. The Lordship of Christ and African township Christianity.** Gezina : De Visser. 253 p. Prys: R95.00. ISBN 0-620-27607-X.

**Resensent:** *P.J. (Flip) Buys*
(Mukhanyo Teologiese Kollege KwaMhlanga, KwaNdebele)

In praktiese sending in Suid-Afrika kom sendelinge daagliks voor die vraag te staan: tot watter mate is Jesus Christus werklik konkreet en prakties HERE in die denke en lewe van die meer as 70% mense wat hulleself Christene noem?

Hierdie publikasie (oorspronklik die skrywer se Th.D.-proefskrif wat in 2001 by die PU vir CHO ingelewer is) gaan in op hierdie vraag. ’n Teikengroep van lede van die Evangelies Lutherse Kerk, die Zion Christian Church en die Pinkster Kerke in Soshanguve – waar die skrywer reeds jare lank as sendeling van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika werk – is uitgekies. Die skrywer het publikasies van hierdie kerke en oudio-kassetbande van preke bestudeer en eredienste van hierdie kerke besoek. Hy het ook ’n steekproef uitgevoer deur lede uit hierdie kerke vraelyste te laat invul en het ook met ’n aantal leiers persoonlike onderhoude gevoer.

Sy studie bring aan die lig dat die heerskappy van Christus ’n vae begrip in die denke van die meeste van die lede van hierdie kerke is. Vir baie is Jesus Christus ’n veraf, haas onbereikbare figuur. Hy het wel vir ons sonde gesterf in die verlede, maar dit het nie veel konkrete betekenis vir ons alledaagse lewe nie. Die leiers (soos Lekganyane by die ZCC of bepaalde sterk charismatiese figure in Pinksterkerke) of allerlei wette en regulasies of genesende kragte neem basies die plek in van Christus in die alledaagse denke en lewens van die gewone lede van hierdie kerke.

Die skrywer toon dan aan watter invloed die tradisionele Afrika-godsdiens, Westerse sekularisme en bepaalde teologiese aksente van elk van hierdie kerke het op die gebrek aan ’n deurleefde besef van Jesus Christus se heerlike teenwoordigheid en liefdevolle heerskappy in die lewens van baie van die gewone lede van hierdie kerke op wortelvlak.

Die skrywer gee in een hoofstuk ’n opsomming van Bybelse en teologiese perspektiewe oor Godsbegrip en verlossing en Christus se heerskappy oor die hele lewe van gelowiges. Hy doen aan die hand dat bepaalde temas meer aandag behoort te geniet in die prediking, onderrig en pastorale werk om die konkrete belewing van die heerskappy van die lewende Christus in gelowiges se alledaagse lewens te versterk.

Die publikasie is besonder interessant om te lees en sal beslis ’n bydrae lewer om begrip te bevorder vir die denk- en leefwêreld van baie Christene in die vinnig groeiende townships in ons stede. Sekere van die invloede op die denke en lewens van mense wat hulle visie op die heerskappy van Christus verdof, is natuurlik waar van lede van alle kerke. Baie van dieselfde onbybelse idees oor Christus sal ook by lede van gereformeerde kerke in hierdie gebiede gevind word.

Dit is jammer dat die skrywer in sy hoofstuk oor Bybelse en teologiese perspektiewe oor die heerskappy van Christus hoofsaaklik ander outeurs aanhaal en weinig selfstandige eksegese oor tersaaklike Skrifgedeeltes gedoen en duidelike heilshistoriese lyne getrek het. Een van die grootste probleme in Afrika wat juis die legalisme tot gevolg het, is ’n biblisistiese hantering van die Bybel wat die openbaringshistoriese verhouding tussen Ou en Nuwe Testament misken.

Nogtans is sy studie helder en waardevol en bring dit die probleem van ’n gebrekkige begrip van die heerskappy van Jesus Christus duidelik in fokus.